# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

15 Mei 2026
**NUUSBRIEF 17/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskool Sport: Caitlyn du Toit** is opgeneem in die Wynlandspan en neem hierdie naweek deel aan die Wes-Kaapproewe. Baie geluk, Caitlyn. Dit is 'n pragtige prestasie en ons is baie trots op jou! Sterkte vir môre. Gaan hou ons Bonnie-naam hoog.
   Baie geluk ook aan **Luan du Toit** wat deurgegaan het na die finale Boland-proewe wat op Saterdag, 23 Mei in Wellington sal plaasvind. Hierdie is 'n pragtige prestasie. Baie geluk, Luan! Ons is baie trots op jou.
   Sterkte aan al ons laerskoolspanne wat môre deelneem aan die **Montagu Sportdag!** Ons hoop julle geniet dit baie.

2. **Hoërskool Sport: Anronette Basjan** het deurgedring na die Wes-Kaap Zone 1-proewe (Wynlande, Overberg en Weskus) wat Saterdag, **16 Mei 2026**, in Worcester plaasvind. Baie geluk met die mooi prestasie.

   Ons het hierdie week 'n effens rustiger tyd met die Hoërskool Sport beleef. Daar is nog 3 opponente wat trotseer moet word voor die eksamen begin. Kom ons werk lekker hard en doen soveel ons kan om goed voorbereid te wees.

3. **Wintersdrag:** Alle Bonnies behoort nou korrek geklee te wees volgens ons wintersdrag-reëls. Indien daar nog leerders is wat nie dasse het nie, vra ons dat hulle dit asb. nou sal afhandel sodat almal korrek geklee is.

4. **Matrieksertifikate 2025:** Ongeveer helfte van verlede jaar se matrieks se sertifikate is nog by ons om afgehaal te word. Kandidate MOET asb. 'n ID-bewys kan toon voordat die sertifikaat oorhandig mag word. Indien u kontak het met van hierdie matrikulante sal dit gaaf wees as u die boodskap aan hulle kan oordra.

5. **Mnr. & Mej. HSB:** Kom ondersteun ons finaliste by Mnr. & Mej. HSB 2026 – 'n aand vol styl, kultuur en talent. Kaartjies is beskikbaar elke tweede pouse in Juffrou Landman se klas.

   **Datum:** 20 Mei 2026
   **Prys:** Enkel - R40 (kaartjie)
   Combo - R60 (kaartjie, hamburger en koeldrank)

6. **Akademie:** Ons vra graag ons ouers se ondersteuning om u kind te help motiveer om goed voor te berei vir die komende eksamen. Daar is nog net **2 weke** oor voordat leerders begin skryf. Dit is belangrik dat hulle deurgaans werk aan veral die vakke waarin hulle minder goed presteer. Eksamens is dikwels moeiliker as toetsreekse aangesien meer werk getoets word. Leerders kan sorg dat hulle gereed is daarvoor indien hulle nou reeds begin om stukke werk te bemeester. Leerders kan gerus ook naweke gebruik en solank begin om belangrike werk vas te lê. Ons Graad 12's skryf hierdie eksamen departementele vraestelle.

7. **Breërivier vloed:** Aan almal wat deur die Breërivier-vloed geraak is: ons harte is by julle in hierdie moeilike tyd. Die verlies, skade en onsekerheid wat julle beleef, raak ons diep. Mag julle krag vind in die ondersteuning van familie, vriende en gemeenskappe wat saamstaan om mekaar te help. Ons bid vir veiligheid, herstel en nuwe hoop vir elke gesin en gemeenskap wat geraak is. Sterkte en moed vir die dae wat voorlê.

***NOOD* !!!!**

**Indien jy of jou familie in nood verkeer as gevolg van die ramp, waterkrisis, vloede of enige ander noodgeval, voltooi asseblief hierdie vorm sodat jy so vinnig moontlik gehelp kan word.**

**https://forms.gle/YqFRuhZmcCY6UyDD7**

8. **Redenaars:** Ons wens **Else-Mari Fourie** (Graad 5) baie geluk met haar uitstekende prestasies tydens die onlangse redenaarskompetisies. Else-Mari het aan die Oppie Tong Af-kompetisie deelgeneem en 'n pragtige A+-simbool (86.5%) behaal. Sy het ook aan die Kansvatter-redenaarskompetisie deelgeneem, waar sy deurgedring het na die semi-finale rondte. Ons is baie trots op Else-Mari se harde werk en wens haar baie sterkte toe met die volgende uitdunne.

9. **Karate:** Die volgende leerders gaan aan die nasionale **SAGA karate kampioenskappe** by HS De Kuilen, te Kuilsrivier, deelneem op Saterdag **16 Mei 2026.** Sterkte aan elkeen van julle!

   Maronique Presence
   Ruben Potgieter
   Inathi Mabuthile
   Lunathi Mabuthile
   Retha-Mari Steyn
   Fisseha Dergaso
   Danel van der Westhuizen
   Daneil Bosman

10. **Oud-leerder presteer: Heinrich Wetzel**, oud-leerder van HSB, is gisteraand aangewys as die beste opkomende kunstenaar/nuweling van die jaar. Daarvoor het hy die **Kanna-toekenning** gewen. Baie geluk! Ons is bly as ons oud-leerders hul passie uitleef en presteer.

11. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Sa. 16 Mei | LS Montagu Sportdag |
| Di. 19 Mei | HS Sport vs Swellendam Sekondêr (weg) |
| Vr. 22 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.7 – O.9) |
| Sa. 23 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.10 – O.13)<br>HS Sport vs Montana (weg) |
| Wo. 27 Mei | HS Sport vs HS Barrydale (tuis) |
| Do. 28 Mei | Mnr. Hattingh verjaar |
| So. 31 Mei | Juf. Viljoen verjaar |
| Vr. 26 Jun | Skole sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

***"Jy sal baie nederlae in jou lewe beleef, maar moet nooit toelaat dat jy verslaan word nie."***
***- Maya Angelou -***

Rugby- en Netbaluitslae

# Hoërskool Bredasdorp

**9 Mei 2026**

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| o.14A | 17 | 17 | G |
| o.15A | 8 | 24 | V |
| o.16A | 9 | 33 | V |
| o.17 | 13 | 16 | V |
| o.19B | 12 | 29 | V |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| o.15 | 14 | 45 | V |
| o.17 | 3 | 38 | V |
| o.19 | 6 | 38 | V |




